## 28 Mei — Daniël 2:1-24

### *God woon tog onder die mense*

Ons lewe word dikwels beïnvloed deur: "Hulle sê..."

Nadat Nebukadneser die droom gehad het roep hy die towenaars, voorspellers, goëlaars en sterrekykers sodat "hulle" moet kom sê. Wat hulle kon sê was bloot dat hulle nie weet nie. Die onbekende kon hulle nie bekend maak nie. Hulle weet dat dit moontlik is, maar dit is net die gode wat dit kan doen en hulle woon nie onder die mens nie, of is dit dalk anders?

In die hoop dat die probleem sal weggaan probeer die koning se raadgewers tyd koop en daaroor het Nebukadneser woedend geword. God gebruik egter die woede van die koning om die probleem onder Daniël se aandag te bring. Op sy beurt vlug Daniël nie vir die probleem nie, maar hanteer hy dit omdat Hy God ken. Daniël koop nie tyd nie; hy het bloot tyd nodig sodat God Homself weereens aan hulle bekend kan maak. Daniël en sy vriende smeek God om genade omdat hy net soos die heidense raadgewers van die koning ook nie uit sy eie 'n antwoord het nie. Alhoewel Daniël nie die antwoord ken nie, ken hy Hom van Wie hy 'n antwoord kon kry. En dan maak God Homself opnuut bekend, nie net aan Daniël en sy vriende nie, maar ook aan die koning en van hom af verder.

God is nie die Een wat nie onder die mense woon nie, maar Emmanuel, God met ons. Deur Christus tot by ons, deur die Heilige Gees selfs in ons. Van ons af moet God ook aan die wêreld bekend gemaak word.

Sing: Psalm 89:17

Ds. P.C. van der Walt (Phalaborwa)